

HOOFSTUK VII.

DIE INBOEKSTELSEL EN SLAVERNY

Die Boere wat in die binneland gaan woon het, het arbeiders nodig gehad om hulle boerdery te ontwikkel. Ook hier het hulle, soos in die Kaapkolonie, pogings aangewend om Inboorling arbeiders te verkry. Een van die middels wat hulle aangewend het om voorsiening te maak in die gebrek aan arbeidskragte, was die sg. inboekstelsel. Daar die stelsel deur Sendelinge en vir die Republiek vyandig-gesinde persone, genoem was om opskudding te verwek en die Boere in die oë van die buite wereld in 'n slechte lig voor te stel, is dit die moeite werd om aandag aan die saak te gee. Dit was op grond van die stelsel, dat die Boere beskuldig was, dat hulle slawerny in hulle Republiek toegelaat het, en selfs aktief in slawe-handel deelgeneem het. Omdat die twee sake (die Inboekstel en slawerny) deur baie verwarr was, moet ons die ontwikkeling van die verhouding van die Boere teenoor die twee sake saam na-gaan, nieteenstaande die Boere dit as twee heeltemal afsonder-like sake beskou het.

Die Inboekstelsel was nie iets nuuts wat deur die Trekkers in Suid-Afrika in die Lewe geroep is nie. Voor hulle

die Kaapkolonie verlaat het, was die stelsel al ten volle ontwikkel en op betreklike groot skaal toegepas.

Van 1775 is dit deur die Regering aan die Kaap toegelaat om kinders, waarvan een van die ouers 'n slaaf was, tot hulle vyf-en-twintigste jaar by die baas van die slaaf in te boek. In 1779 is twee Hottentotkinders tot hulle twintigste jaar ingeboek en voor die einde van die agtiende eeu is ook enkele Boesmankinders ingeboek.¹ Inboeking het egter nie op 'n groot skaal plaas gevind nie voordat Cradock deur sy proklamasie van 23 April 1812 bepaal het, dat die Hottentotkinders, wat op plase van Boere gebore is en daar tot hulle agste jaar gewoon het ingeboek kon word vir 'n tydperk van 10 jaar.² Hierdie stelsel is ook deur die Britse Administrasie aan die Kaap uitgebrei tot die Boesmans en dit strek die Trekkers tot eer dat hulle op trek reeds pogings aangewend het om misbruiken,³ wat in verband daarmee in die Kaapkolonie voorgekom het teen te gaan. Volgens die instruksies van Retief aan die Kommandant is o.a.: aan hom opgedra (21 Julie 1837): Die Kommandant sou ook sorg dra dat niemand deur geweld besit neem van die kinders van Boesmans of ander Inboorlingstamme, dat niemand hulle op onwettig manier vang nie, hulle nie wegneem van hulle ouers nie,⁴ en hulle ook nie in besit hou nie. Met die ekspedisie teen Dingaan het Pretorius ook almal streng verbied om enige Kafferkind of meid op die ekspedisie gevange te

-
1. Huisgenoot: 1 Junie 1834 - P.J. Venter, Argivaris, Kaapstad in verband met die inboekstelsel.
 2. Vir besonderhede sien Theal: Records of C.C., Vol.VIII.
 3. Sien Proklamasie van Somerset, 8 Aug. 1817, Theal: Rec. of the C.C., Vol.II. Volgens getuie voor die Kommissie van Ondersoek was daar in Cradock distrik: 223 groot ingeboektes Boesmans, 234 meide en 388 kinders. (Papers relative to Cape of Good Hope, I, 1835.)
 4. Moffat getuig in 1834: "the practise is not yet extinct of obtaining Bushmen children by barter of sheep and goats which children are permanently separated from their tribes and families." Verder verklaar hy dat aanvalle gemaak is op Boesmans omkinders te kry. (Papers relative to Cape of Good Hope. I, 1835, bls. 126, e.v.)
 5. Preller: Piet Retief, bls. 377.

1
neem.

Met die verskillende Kafferoorloë was daar gewoonlik Kafferkinders, in baie gevalle heeltemal onversorg, nagelaat. Om voorsiening te maak vir die kinders, en veral om hulle op te voed tot bruikbare arbeiders, het die Volksraad van Natal die Inboekstelsel ook daar ingevoer. Dit kan nie verwag word dat die Trekker net om filantropiese redes die kleintjies sou opvoed nie. Dit sou beter tuis hoort by Sendelinge, wat in die opsig hulle pligte versuim het.

Volgens die besluit van die Volksraad van 6 Januarie 1840 is bepaal, dat die "gekleurde" weeskinders by die Landdros ingeboek moes word, kaffertjies tot hulle vyf-en-twintig-² ste- en meidjies tot hulle een-en-twintigste jaar. Omdat Inboorlinge soms hulle kinders vir Blankes gegee het om daarvoor te sorg, is ook aan die Landdros opgedra om sulke kinders in te boek vir dieselfde tydperk as die wat wees was.³

Die gevvaar het natuurlik bestaan, dat die ingeboektes oor die grense van die Republiek gevoer kon word, en aan die Portugese handelaars wat slawe-handel gedryf het verkoop word. Daarom het die Volksraad in Maart 1840 besluit, dat niemand toegelaat wou word om Soeloe-kinders buite die grense van die Republiek te voer nie -

geen handelaar of vreemdeling die niet onder de maatschappij sorteerd zal het regt hebben een of meer zolas kinderen mede te voeren, geboek of niet.⁴

om die oortreders van die bepaling verder af te skrik, is in November van dieselfde jaar 'n boete van Rds. 500 bepaal op iemand (wat) eenige kleurling vervoerd buiten de limieten of dat verkoop of verhandeldt.⁵

-
1. D.C. Moodi: The Hist of Battles and Adventures in Southern Africa (1888) bls. 550.
 2. N.I. V.R.N. 6 Januarie 1840, Art. 10.
 3. N.I. V.R.N. 6 Januarie 1840, Art. 11 en V.R. N. 9 Junie 1840 Art. 8.
 4. N.I.V.R.N. 4 Maart 1840 Art. 11.
 5. N.I. V.R.N. 17 November 1840, Art. 17.; Agar-Hamilton vertaal: (Nat.Pol. bls. 174) ... "for anyone who "bought or traded for any coulered person."

- 136 -

Uit voorafgaande moet ons aflei, dat die Volksraad heeltemal vas beslote was, om te doen wat hulle verklaar het toe hulle op 14 Januarie 1841 aan die Goewerneur van die Kaapkolonie skryf:

Dat de Republiek anneemd en zich verbind nimmer eenige slaven handel te drijven of aan te moedigen daarmee daarin behulpzaam te zijn of eenig Schip of vaartuig in de handel gebezigt worden de binnen hunnen have te gedoogen of van eenige verversching te voorsien. 1.

Nieteenstaande die goeie bedoelings van die Volksraad en die ernstige pogings wat aangewend is om ewels in verhand met inboekstelsel toe te gaan, is daar in die begin van 1841 by die volksraad gekla, dat daar

door eenige ingesetenen een soort handel met sola kinderen worden gedreven en dat er verscheidene buiten ons grondgebied worden vervoerd. 2.

Daarop het die Volksraad besluit, dat niemand in die wettige besit van Soeloekinders sou wees nie, voordat die Landdroste hulle ingeboek en 'n sertifikaat daarvoor verleen het hie. Die verskillende Landdroste, Veldkornette en Kommandante is opgedra om almal die Kafferkinders wat hulle by die Blankes kry, wat nie wettig ingeboek was nie, van die persone te ontnem en hulle in te boek of aan die ouers terug te gee. Landdroste moes geen kinders inboek wat nie op 'n "regtvaardige of wettig wyjze" inbesit van die Blankes gekom het nie, Die Sekretaris van die Volksraad moes die besluit in die koerante van die Kaapkolonie publiseer.

tot invormatie van reisigers handelaars en anderen en tot bewijz dat niemand waar hij zich bevinden mogt eenige wettige aanspraak kan maaken.

op Inboorlingkinders, behalwe volgens die bestaande wette van
3
die Republiek.

Die kontrole oor die onwettige handel is moeiliker gemaak deurdat persone voorgegee het, dat hulle van plan was

-
1. R. 72/41 - Brief van Volksraad, 14 Januarie 1841.
 2. N. II., V.R.N. 7 April, Art. 3.
 3. N. II., V.R.N. 7 April 1841 Art. 3.

hulle in die gebied te gaan vestig, en op die manier Inboorlingkinders in die hande gekry het. Die Landdroste is ge-waarsku om sorgvuldig op die soort van reisigers te let.¹

Die Volksraad het nie alleen die euwel om Kafferkinders uit die Republiek uit te voer bestry nie, maar ook binne die grense van die Republiek het hulle probeer voorkom, dat die stelsel ontaard. In Julie 1841 is daar bv. gerugte versprei dat G. Joubert rondgaan om klein kaffertjies te ruil vir vrugte en drank. Die Waarnemende Landdros het dadelik aan die Veld-kornet opgedra om die oortreder te probeer vang en² "goedwillig of met geweld" die kaffertjies af te neem en Joubert na Wenen te bring om sy straf te ondergaan. Toe G. Nel in Oktober 1841 die Volksraad vra om hom te help om 'n kaffertjie wat hy in Soeloeland terwyl hy op jag was, gekry het, op te spoor, het die Volksraad geantwoord, dat hulle nie van plan was om³ "handel te beschermen dat tegen de wet strijdig is." Die Volksraad wou dus nie toelaat dat Kafferkinders op 'n on-wettig wyse in besit geneem word nie.

Sendelinge soos Allison e.a. het nie nodig gehad om hulle te bekommer oor die Kaffertjies wat toegelei het vir die Boere nie, asof die Emigrante maar vir elke werkie wat hulle verrig⁴ wou hê 'n kaffertjie kon vang. Die beskuldiging van Sir George Napier:

a system of slavery which under the name of apprenticeship prevails over a great part of the country, beyond the Colonial boundary wherein the emigrant farmers have located themselves,⁵.

het nie op feite berus nie, maar was maar een van sy middels om sy politiek in te lei, nl. "the colonization of these territories (Natal)."⁶

-
1. N. II., V.R.N. 17 Junie 1841, Art. II.
 2. Dr. G.W.A. Gerdener: Boustowwe vir die Geskiedenis van die Nederduits Gereformeerde Kerk in
 3. N.II., V.R.N. 2-4 Januarie 1842, Art. 8.
 4. Bird: Annals of Natal, II, bls. 61 - Brief van J. Allison, 3 Augustus 1842.
 5. Bird: Annals of Natal, I, bls. 632.
 6. Bird: Annals of Natal, II bls. 116 - Brief van Napier, 11 Nov. 1842.

Die Trekkers noord van die Vaalrivier het ook nie hierdie soort beskuldigings vry gespring nie. In die Suid Afrikaan van 12 Februarie 1841 is "enige sterke uitdrukkingen" teen Potgieter gebesig in verband met slawehandel. Die Volksraad van Natal het "geen de minste" bewys gehad om hom daarvan te verdink nie en het verklaar "geen deel te nemen in die beschuldiging daarin voorgebragt."¹ en die feit dat die Volksraad nie Verder met die saak gegaan het nie, is meer 'n bewys, dat Potgieter onskuldig was as 'n bewys dat hulle aan die beschuldiging geglo het.² Waar die Volksraad rede gehad het om te glo, dat sulke beskuldiginge gegrond was, het hulle gewoonlik die amptenare opdrag gegee om die saak te ondersoek. As aangeneem word, dat Potgieter en sy volgelinge ten gunste van slawerny, of 'n inboekstelsel wat nie daarvan te onderskei is nie, was, dan is dit moeilik om te verklaar waarom hierdie mense in hulle eerste "grondwet van 1844" die volgende bepaling opgeneen het.

Geen persoom of personen zullen het regt hebben nabij eenige Naturellen hunne verblijfplaatsen te gaan om kinderen op een onwettige wijze te ontnemen, zoodanige overtreders zullen gestraft worden met een boete van Rds. 500 of gevangezitting voor zes maanden, en de ontnomene kinderen en aan hunne ouders terug gegeven worden. 3.

Nieteenstaande die gebrek aan argeiders wou die Trekkers noord van die Vaalrivier daarvoor sorg, dat die inboekstelsel ook nie noord van die Vaalrivier ontaard nie. Omdat 'n poging aangewend is, om kinders uit die Portugese gebied binne die gebied van die Emigrante in te voer, het die Volksraad op 11 Desember 1845 besluit:

dat voor eerst aan niemand gepermiteerd word van de Kaffers Kinderen onlangs door de Commissie van Delagoe opgebragt verder te voeren dan tot aan de Stads Revier.

-
1. N. II. V.R.N. 12 April 1841, Art. 17.
 2. Agar-Hamilton beweer (Native Policy, bls. 170): The Raad itself had been very half-hearted in defence of Potgieter.
 3. Locale Weten Z.A.R. 1849-1885, bls. 5.

Hierdie Kommissie het in Oktober na Delagoabaai vertrek. Dit is nie seker hoe hulle die kinders in besit gekry het nie. Die Emigrante het egter besef, dat hulle moes waak teen die ontaarding van die inboekstelsel. En waar hulle bewys was van die feit, dat Portugese in kafferkinders handel gedryf het, het hulle deur diebesluit hulle afkeur daarteen tekenne gegoe.

Twee jaar later het die Volksraad hulle houding teenoor die saak duidelik uiteen gesit. Op 15 Desember 1847 het 'n seker F. vanBreda by die Volksraad aansoek gedaan om "Jonge Negers Kinderen" wat hy van die Portugese gekry het, na Mooirivier te neem.

willende hun vrij geven en een bewijs selfs voor passeeren dat ze vrij zijn en hem slegs zal dienen tot hun mondiege dagen.

Hy het geweet dat die Volksraad verbied het, dat Inboorlinge wat nie heeltemal vry was nie, van die Portugese gebied ingevoer moes word; daarom het hy aansoek gedaan. Hy wou egter die kinders as ingeboektes behandel, maar die Volksraad wou die pad nie vir misbruikte oop maak nie en antwoord:

dat de Raad reeds een besluit in 1845 genomen heef zodanigen Negers niet van hier zullen vervoerd worden, en wat de vrij gevind aangaat, de raad zich niet inlate of inlaten kan met sleven handel wyl dat niet anders als voor nadeelig beschouwd moet worden voor deze maatschappij.

Nieteenstaande die poging van die Volksraad om slawehandel teen te gaan, het reisigers en handelaars in Natal in 1846 die storie versprei, dat die Boere nie alleen slawehandel goedkeur nie, maar ook dat "transporten by verkoping verleend worden" Hierop het die Volksraad J. L. du Preez aangestel "om zulke leugenagtige erugtens eenigsints voor te komen." Hy moes al die reisigerw of handelaars skriftelik, verlof verleen om

1. V.R.N. 15 Desmeber 1847, Art. 2.
2. V.R.N. Januarie 1846, Art. 1.

- 140 -

1 verder noord te gaan. Die Volksraad wou deur die aanstelling van dié amptenaar voorkom, dat ongewensde persone die Inboorlinge in die noordelike dele besoek en Inboorlinge as slawe wegvoer.

'n Voorbeeld van die inboeking van Kafferkinders wat deur die Volkdsraad van Ohrigstad goedgekour is, kry ons in 1848. In hierdie jaar het Manoekosie 11 kaffertjies wat hy in 'n oorlog teen die knopnouse gekry het, aan die Volksraad gestuur. Die kinders is uitgcloot en vir twee daarvan moes die persone wat hulle gekry het Rds. 35 stuk, as registrasie-fooi betaal, en vir die res Rds. 5. Om egter sêker te maak, dat die ingeboektes nie mishandel word nie is bepaal: Die Landdros en Veldkornetto moes "een wakend oog over dusdanige Schepseltjies (houden)." Verder is hulle ingeboek onder condietie dat wanneer onbehoorlijk handelwijs aan hun gepleeg word, dat van den eigenaar zal terug genoomen worden, en die "besitter" sou nie alleen die fooi wat hy betaal het, verbeur nie, maar ook "onderhevig zijn om na wet te worden behandel."
2

Wetgewing wat die soort van inboeking reel, het daar in 1848 blykbaar nie bestaan nie, en die besluite wat geneem was in verband met die inboeking van die kaffertjies van Manoekosie, was van so 'n aard dat dit nie algemeen toegepas kan word nie. Met die inboeking van Kafferkinders voor 1848 het die Boere waarskynlik gehandel volgens die voorskrifte van die Volksraad van Natal selfs na Natal deur die Britse Regering geannekseer is.

Met die Setsjelie-ekspedisie het daar iets plaas gevind wat die inboekstelsel ernstig onder bespreking gebring het:

-
1. R. 112/46 - Publieke Bekendmaking, 20 Januarie 1846.
 2. V.R.N. November 1848, Art. 3.

Tussen 200 en 300 meide en kinders wat agtergelaat is, is gevange geneem. Die Boere het gemeen dat Setsjelie om vrede sou vra as die meide gevange gehou word. Die meeste van die gevangenes het ontvlug, of is toegelaat om terug te gaan. 'n Aantal van die kinders wat die ouers nie kom terug haal het nie, is egter ingeboek. Van hierdie voorval verklaar Livingstone: "The Boers .. carried off two hundred of our school-children into slavery."¹

Die vraag is nou: was die inboekstelsel van die Suid-Afrikaanse Republiek van so 'n aard, dat ernstige misbruiken in verband daarmee kon plaasvind?

Een van die beskuldigings in hierdie verband was, dat die Boere met geweld Kafferkinders afgeneem het. Dit kan nie ontken word, dat enkel gevalle van die aard in die Boeregebied plaas gevind het nie. Dit was egter direk teen die besluite van die Volksraad en waar dit onder die aandag van die gesaghebbendesgebring is, is dadelik stappe geneem om die skuldige persone te straf.² En dat daar wel enkele gevalle voor gekom het, is nog nie 'n bewys nie dat die misbruik deur die Boere toegelaat was nie.³

Die houding wat die Boere teenoor die soort van oortreding aangeneem het, word duidelik aangetoon in die volgende geval: 'n Aanval is deur sekere Boere op die kraal Selika gemaak. Kommandant-Generaal Pretorius het die saak onder die aandag

-
1. David Livingstone: *Missionary Travels and Researches in South Africa* (1912) bls. 31.
 2. U.R.B. September 1858, Art. 38.
 3. Agar-Hamilton: *Native Policy* Bls. 182. Diewe en moorde-naars kry ons vandag in elke beskaafde gemeenskap. Die enkele gevalle wat plaasgevind het, het Agar-Hamilton blykbaar laat besluit: "The Transvaal community was unable to carry out the elementary function of restraining its criminal population." Ons kan egter ten minste nie die feit dat enkele oortredings plaasgevind het, aanvoer om die anneksasie van 1877 goed te keur nie. Agar-Hamilton *Native Policy*, bls. 183.

die aandag van die Volksraad gebring wat hom ondersteuning
belowe het. Die ondersteuning is nie net in naam aan die Kom-
mandant-Generaal belowe nie. Die saak is voor die "Hooggeregs-
hof" gebring. Die beskuldigdes het hulle skuld erken en is
met Rds. 500 en die hofkoste beboet. Die 13 Kafferkinders is
van hulle ontneem en aan twee Kaffers van Selika oorhandig.
Onderdane van die Suid-Afrikaansr Republiek was van mening,
dat hierdie saak die vyande van die Republiek kon oortuig,
dat alhier geen Slavenhandel gedreven hog door de wet toegela-
ten wordt, en werdt hierdoor het bewijs geleverd, dat, indien
geklaagd wordt over eenig onwettigen stap tegen Naturellen
zuikzaken door de wet en de Regters gestraf worden. 3.

Hierdie voorval toon duidelik aan, dat hierdie soort van aan-
valle om kinders te verkry as 'n baie ernstige oortreding deur
die Boere beskou was. Kinders wat op die manier vir inboeking
verkry is, sou nie as wettige ingeboektes erken word nie en
nog minder deur 'n Landdros van die Suid-Afrikaanse Republiek
op die gewone wyse ingeboek word. 4

'n Tweede groot beswaar wat teen die Inboekstelsel van
die Suid-Afrikaanse Republiek gemaak is, was dat die Inboor-
linge 'n soort handel in kinders gedryf het. Dit word beweer
dat die Kaffers nou uitgevind het, dat hulle seuns net soos
hulle dogters finansiéle waarde gehad het. Dit mag waar wees,
dat die Inboorlinge nou gesien het, dat hulle geld van hulle

1. Agar-Hamilton: Native Policy bls. 182: "The Commandant-General was anxious to suppress marauding raids, while the Raad was prepared to give him, in name at any rate, the assistance that lay in its power."
2. S.t Court. Z.A.R. No. 68, 1859.
3. Verklaring van H.T. Buhrman in St. Court. Z.A.R. No. 68, 1859.
4. E.V.R. 104, V.R. 87/49.
5. Agar-Hamilton verklaar (Native Policy bls. 194) "the worst outcome of the institution of apprenticeship was not, perhaps the forcible kidnapping of children by the farmers but the extensive voluntary traffic in them carried on by both parents and chiefs."
6. Dieselfde, bls. 194.

van hulle kaffertjies kon maak, maar voorbeeld van sulke verkopings kom so selde in vertroubare bronne voor, dat mens kan aanneem, dat hulle nie gretig was om afstand van hulle kinders te doen nie. Die enigste Kaptein wat blykbaar van die soort van inkomste wou gebruik maak, was Oemswas. Merensky vertel dat die Kaptein hom versoek het om Kafferkinders vir hom in Lydenburg te verkoop.

Dit lyk wel of uit die inboekstelsel eeuwels gebore kon word, b.v. as die Kaptein kinders van hulle onderdane sou neem om dit te verhandel. Die vraag is egter: Hoekom het die stelsel nie besonder byval gevind by die Boere of by die Republiek nie? Daar was 'n groot gebrek aan arbeiders in die Republiek. As daar kinders deur die Inboorling aangebied was, en die maatreëls was nie onwettig beskou nie, sou die amptenare wat heelwat moeite gehad het om die burgers van diensbodes te voorsien, hulle seker daarvan kennis gegee het. Nêrens word die ruil van Kafferkinders deur die Volksraadbesluite omskryf ¹ nie, d.w.s. in so ver dit die handel tussen die Blanke en die Inboorlinge aangaan. As die kind op 'n wettige wyse verkry en ingeboek was, kon dit nie verhandel word nie. As die "besitter" van 'n kind te sterwe kom, of te arm word om ingeboektes te onderhou kon die erfgename op die persoon onder wie se beskerming die kind was, wel die kind oormaak aan iemand anders, maar die Volksraad het gesorg, dat dit nie as 'n

-
1. Die sg. Jubert-ruil (Agar-Hamilton: Native Policy bls. 184-185) word m.i. moe reg weer gegee nie. Manoekosie het 11 Kaffertjies aan die Volksraad " vir die vrede gestuur. Jubert moes hulle ontvang. Hy het aan die gesante van die Kaptein beeste gegee, 1 van die 11 kaffertjies self geneem en 1 olifantstand ontvang. Dit was nie met geweld geneem, soos Agar-Hamilton beweer nie. Hy moes die kaffertjies terug gee, omdat die vir die Regering bedoel was. Die Raad het die saak bespreek omdat J. Rensburg daarteen ge protesteer het, dat Jubert sy kaffertjie behou het, terwyl 4 wat aan hom gestuur is hom ontneem is - Verslag van Landdros voor Volksraad, 6 Desember 1848.

handelsartikel beskou kon word nie, deur te bepaal, dat nie meer as Rds. 30 vir die oorboek gevra mag word nie. Verder moes die nuwe "besitter" die ingeboekte weer by die Landdros of Veldkornet op die gewone wyse laat inboek. Om te voorkom dat die kind miskien uit die land gevoer word en dan verhandel word, is bepaal dat die ingeboektes nie oor die grense van die land gevoer mag word nie.¹

Hoe het die Boere dan in besit van die Inboorlingskinders wat hulle ingeboek het, gekom? In die eerste plek het die Inboorlinge soms self kinders aan die sorg van Blankes toevertrou, wat dan volgens die besluite van die Volksraad ingeboek moes word. Op 9 Mei 1851 het die Volksraad die voorwaardes as volgbepaal: Enige persoon wat so 'n kind ontvang, moes binne agt dae die Landdros of Veldkornet daarvan kennis gee. Die Landdros of Veldkornet moes daarop ondersoek instel, of die kind op 'n "wettige" wyse verkry was en ingeval dit nie so was nie, sonder versuim die kind aan die ouers terug te gee. As die ouers die kind nie vrywillig afgestaan het nie of wanneer het moet gebeuren dat den Landdros of Verdcornet moet bevinden dat iemand op eenigen onwettigen wijze hoe gering dit ook zijn moge, in het bezit van een kind of kinderen (als voormald) gekomen is.

het die persoon hom bloot gestel aan 'n boete van Rds. 50 tot 3500.

As die kind op 'n wettige manier verkry was, kon die Landdros of Veldkornet die kind inboek. Hy moes dan aanteken: hoe oud die kind was, op welke wyse die verkry is, en die plek

-
1. Soutter Versmaeling V.R.N. 9 Mei 1851.
 2. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885 , bls. 98.
 3. Soutter Vers. Pak. II, V.R.N. 9 Mei 1851, Arts. 1, 2 en 4 vgl. Dr. C.W. Keiwiet: British Colonial Policy and the South African Republic, 1848-1872 (1929) bls. 247: "To obtain an inboeksel was the easiest thing in the world. As dit so maklik was om 'n ingeboekte kry is die onverklaarbaar waarom daar so baie klagtes oor bebrek aan arbeid by die Volksraad ingedien is."

waar dit voorheen gewoon het. Die ingeboekte moes tot sy twintigste jaar in diens by die persoon bly:

en zal als dan mondig zijnde, geheel vrij van alle gedwongen verplichting tot eenigen diesnbaarheid ontslagen zijn. 1.

Die ingeboektes moes goed behandel word, anders sou dit deur die Landdros of Veldkornet terug geneem en die persoon by wie hulle ingeboek was, gestraf word. Die "besitter" was verplig om die ingeboektes "Zooveel als in hun vermogen is e
enen goeden opvoeding te geven."²

Dit het soms ook gebeur, dat die kinders as geskenke deur Kapteins aan die Boere gestuur word. Op 9 Mei 1851 het die Volksraad ook bepaal wat in sulke gevalle gedoen moes word. Die kinders moes dadelik aan die Landdros van die distrik gestuur word. Hy moes hulle op regeringskoste onderhou en as volg handel: Hy moes dadelik die aantal en geslag van die kinders bekend stel. Binne drie dae na die kennisgewing moes die persone wat graag van die kinders wou hê, hulle name by die Landdros ingee, en drie maande na die bekendmaking moes die Landdros laat loot vir die kinders. Die kinders word dan op dieselfde wyse as die voorgenoemdes ingeboek. Die persone wat die kinders ontvang, sou dan die koste van die
³ onderhoud by die Landdros vergoed.

Hierdie kinders is uitgeloot om almal tevrede te stel. Drie maande moes verloop tussen die kennisgewing en die inboeking self om uit te vind of daar nie wettige aanspraak op die kinders deur die ouers of familiebetrekkinge gemaak sou word. Die Kapteins was nie te gretig om hierdie soort van geskenke aan die Boere te gee nie. In die paar gevalle

-
1. Soutter Versameling Pak. II, V.R.N. 9 Mei 1851, Art. 3.
 2. Dieselfde, Art. 5.
 3. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885, bls. 10. Hier was nie sprake van 'n kwartaallikse verdeling nie (Agar-Hamilton: Native Policy, bls, 181) Die saak waarna Agar-Hamilton verwys, was reeds in 1850 afgehandel - V.R.N. 24 Augustus 1850, Arts. 11, 12.

waarvan melding gemaak word, was dit weeskinders wat aan die boere gestuur is.

Kafferkinders is ook gedurende oorloë teen die Inboorlinge verkry, Ook in hierdie geval het die Volksraad probeer of on-gereeldhede te voorkom deur te bepaal:

het (zal) niemand vrijstaan om Eenigen van den klijnen kinderen tot zich te neemen als apparenties - Maar mocht het zijn dat er mochten komen die ouderloos bevonden worden zal den Kommandant verplicht zijn om het wel scherp en behoorlijk te onderzoeken en zullen zij daarna ouderloos bevonden wordende behoorlijk als apparenties geboekt moeten worden en aan verzoekers ter opvoeding overgegeven worden tot hunne mondige jaaren.

Die bedoeling van die Volksraad met die besluit is duidelik.

Alleen Inboorlingkinders wat werklik beskerming nodig gehad het, kon ingeboek word. Ook in hierdie geval was daar persone, wat probeer het om onwettig kinders in hande te kry.

So kla Pretorius bv. dat daar met die ekspedisie teen Montsiao en Lentsoe in 1852 daar persone was wat Kafferkinders wou saam neem.² Hy het die saak ondersoek en die kinders terug gestuur. Kinders wat werklik as wese agter gelaat is, is egter op die selfde voorwaardes as die ander ingeboek.³

Die Inboekstelsel in hoofsaaklik vir weeskinders ingevoer. Die besluite van 9 Mei 1851 is bv. opgestel vir die Weeskinderen of zogenaamde apparenties dewelke door die Kaffernatiens rondom ons ingebracht worden.

Artikel 4 van die Sandrivier Konvensie moes die Inboorlinge beskerm:

word hiermee verstaan dat geen slavernij, is of zal worden geprotecteerd of toegelaten in de landstreek ten noorden van de Vaalrivier door de Emigranten-boeren. 4.

-
1. V.R.N. 20 Mei 1850, Art. 57; Sien ook U.R.B. 26 Oktober 1869.
 2. E.V.R. IV, verslag van Pretorius, 20 Desember 1852.
 3. Souter Versameling Pak II, V.R.N. 9 Mei 1851.
 4. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885, bls. 13.

Hoewel die bepaling nie 'n verandering in die toestand noord van die Vaalrivier aangebring het nie, omdat slawerny nie daar bestaan het nie, het dit die Boere nog verder aangespoor om slawerny teen te gaan. Hulle het reeds in 1852 besef, dat die bepaling deur sekere persone as aanknopingspunt gebruik kon word: en hulle ingeboektes as slawe bestempel sou word, want het is bekend door ondervinding, dat het Britsch Gouvernement als hij slaan wil gemakkelijk een stok weet te vinden.¹. En dat hulle in die opvatting nie verkeerd geoordeel het nie, is later herhaaldelik bewys. Ondervinding in die Kaapkolonie ² en Natal het vir hulle reeds aangetoon, dat daar Britse onderdane was wat maar altyd daarop uit was om hulle handelwyse te veroordeel. Dit het ook werklik gelyk of daar lede van die Londense Sendinggenootskap was, wat van plan was om die Boere noord van die Vaalrivier nie met rus te laat nie. Reeds in Januarie 1853 het die direkteure van die genootskap by die Sekretaris vir Kolonies aangedring om kragtens die bepalinge van die Sandrivier Konvensie in te gryp; anders sou die ³ defenceless natives be doomed to slavery or death." Hierdie soort gerugte is in die tyd deur sendelinge en mense wat met imperialistiese ideale besiel was, goed versprei. Nog in dieselfde jaar bring Wodehouse onder die aandag van die Britse Regering, dat die Kommissie wat op die punt gestaan het om na die Kaapkolonie te vertrek, om toestande in Suid-Afrika te ondersoek, oock aandag moes gee aan: "slavery and kidnapping ⁴ of slaves in the Transvaal territory."

1. Hierdie besware teen die Sandrivier Konvensie word o.a. in drie memories gevind: E.V.R. 106, V.R. 210/52 (8 Mei 1852); E.V.R. 106, V.R. 211/52 (12 Mei 1852); E.V.R. 106, V.R. 217/52. (3 Junie 1852).
2. Vgl. die verklaring van Stockenstrom in sy brief aan Napier 12 Maart 1838: "It is absolutely necessary that some serious and effective steps be taken to prevent all the blacks in the interior being reduced to the same state in which the Hottentots were lately (Bird: Annals of Natal I, bls. 390).
3. C. State of Orange River Territory, 31 Augustus 1853, bls. 117
4. Dieselfde, bls. 120.

Die Volksraad was bewus van die feit, dat daar baie was wat nie 'n geleentheid verby sou laat gaan om die Boere van slawerny te beskuldig. Gevolglik besluit die Volksraad op ¹ 14 Maart 1853:

Nogmaals het algemeen bekend te maken dat zoo het uitgevonden mogte word dat het een of ander een Slafe handel drijf met de uiterste straf gestraft zal word volgens reets bestaande wetten die daartoe bepaalt is en die wetten zal dadélik bekend gemaak word al was het ook desnoots tot ende Colonies.

Die Suid- Afrikaanse Republiek wou nie alleen algemeen bekend maak dat hulle slawehandel sou duld nie, maar het ook die samewerking van die naburigestate probeer kry om dit teen te gaan. Op 4 Julie 1855 is 'n Kommissie na Delagoabaai afgevaardig om met die Portugese te onderhandel en aan hulle is o.a. opgedra:

Ook zal deze Kommissie verpligt zijn eene vaste bepaling te maaken dat geen Slavenhandel geduld of toegelaten zal word tussen de bewoners van onzen wedersijdsche Goevernementen. ².

Toe die Kormissie by Delagoabaai aankom, was die Portugese Goewerneur oorlede. Gevolglik het hulle die instruksie daar gelaat. Die Portugese het belowe om iemand later te stuur om ³ met die Boere te onderhandel. Neteenstaande die Kommissie nie die opdrag kon uitvoer nie, is die strewe van die Boere met die opdrag aan die Kommissie baie duidelik.

In 1855 is die Vrystaat ook genader en gevra om daar bekend te maak, dat Kafferkinders nie oor die grens van die ⁴ Suid-Afrikaanse Republiek gevoer moes word nie.

-
1. V.R.N. 14 Maart 1853, Art. 6.
 2. L. I, 4. In 1853 is 'n konseptraktaat vir dieselfde doel opgestel in dieselfde gees. R. 596/53. Op 5 Oktober 1855 gee Kommandant-Generaal Schoeman ook kennis in verband met die bepaling teen slawerny: "En word bij deze verder bekend gesteld, dat den ondergetekende ook n odige orders heeft uitgevaardigd, om een ieder die zich aan deze wet schuldig maakt, zonder onderscheid van perzoon, met de uiterste strengheid der wet te vervolgen." R. 915 55.
 3. L. I. 4. Rapport van die Kommissie 6 September 1855.
 4. R. 882/55.

In sy proklamasie van 29 September 1857 het President M.W. Pretorius die boete op die ontvoering van Inboorlinge oor die grense van die Suid-Afrikaanse Republiek nog verhoog en verklaar:

geen slavenhandel, noch slavernij in deze Republiek toegelaten worden, volgens vroeger bestaande wetten en in overeenstemming met de onderhandeling van 16 Januarie, 1852, gesloten met Assistent Commissarissen van Hare Majesteit de Konigin van Engeland. De overtreders van dit aritekel, die zich schuldig maken aan het vervoeren van kleurlingen of van hulle kinderen over de grezen dezer Republiek of vermelde kleurlingen verhandelen of verkoopen, zullen beide kooper en verkooper gestraft worden met ontneming van den kleurling of kleurlingen, en elk in eene boete van vijf honderd ponden Sterling, of bij onvermogen met gevangenisstraf. 1.

Die Veldkornette en Kommandante is gelas om hierdie proklamasie dadelik bekend te maak en hy

al zulke zaken welke den geringsten schijn van slavenhandel in zich mogten bevatten, zonder verzuim aan de Landdrost bekend te stellen. 2.

Dat dit die Republiek erns was om die slawehandel teen te gaan, kan nie die minste twyfel oor bestaan nie. Dat daar uit die noord-oostelike dele van die Transvaal enkele kinders, om as slawe verkoop te word, uitgevoer was, is deur onderdane van die Republiek self erken,³ "doch dit geschiede in het duistere als contrabande."⁴ Daar bestaan nie die minste rede nie om aan te neem, dat die Suid-Afrikaan Republiek persone sou toelaat om openlik handel te drywe met Kafferkinders.

-
1. St. Court. Z.A.R. No. 2, 2 Oktober 1857.
 2. Dieselfde.
 3. E.V.R. 106, V.R. 275/53.
 4. Eerw. S. Hofmeyer Twintig Jaren in Zoutpansberg; een verhaal van Twintig Jaren arbeid onder de Heidenen in die Transvaal (1888) bls. 27; Getuie van Tine-Brink-Greve-Wicherink in die Gids Acht en Negentigste Jaargang, Junie 1934, No. 6.

I
nie.

Burgergeskille het teen die einde van 1861 ernstige wendings in die Suid-Afrikaanse Republiek geneem en in Oktober 1862 selfs tot botsings gelei. Hierdie moeilikhede het die Kaffers in die noordelike dele van die Republiek 'n kans gegee om hulle self te bewapen.² Hierdie Kaffers het 'n vyandige houding aangeneem.³ Moeilikhede was op die Soeloegrens aan die broei.⁴ Ook met die Basoetoes was die Suid-Afrikaanse Republiek in moeilikhede gewikkeld.⁵ Hierdie moeilikhede waarin die

1. Agar-Hamilton: Native Policy , bls. 195. "Albasini seems to have had no difficulty intravelling about the country a few months later (ongeveer 1850) with a wagon load of children whom he valued at £15 per head" Onderdane van Republiek self was nie toegelaat om Kafferkinders van buite af in te voer nie of handel met hulle te dryf nie, maar vir 'n vreemdeling sou die Boere so goed wees, dat hulle dit sou toelast nieteenstaande die besluite van die Volksraad dit verbied het nie. Albasini is in 1859 aangestel as 'n soort van Naturelle Kommissaris in die noordelike dele van die Suid-Afrikaanse Republiek. (U.R.B. 26 mei 1859, Art. 5.) en dit is onwaarskynlik, dat die Republiek iemand sou aanstel, wat hom skuldig gemaak het aan slawe handel. (Agar-Hamilton Native Policy bls. 192) Aan die ander kant probeer hulle ernstig om slawehandel teen te gaan en aan die kant stel hulle 'n "slawehandelaar" aan vir Naturelle Kommissaris. In 1868 is Albasini van sy betrekking ontslaan. In 1881 is hy weer deur die Britse Administrasie aangestel as Naturelle Kommissaris. (Tvl. Gvt. Court. No. 258, 3 Mei 1881) Schoeman is gestuur om sake in Soutpansberg te ondersoek en hy het 'n breedvoerige verslag ingedien, waarin hy sy redes vir die ontslag van Albasini aangee en nêrens in die verslag het hy Albasini van slawehandel beschuldig nie. (S.S. 55 Journal met Verslag van documenten van Diplomatiek Agent S. Schoeman). As hy so 'n beskuldiging nog teen Albasini kon inbring, sou hy dit nie nalaat nie.
2. R. 4865/61: R. 902/64; R. 320/65; R. 4865/61.
3. St. Court. Z.A.R. No. 34, 30 Oktober 1863.; R. 411/62 - Brief van Kommandnat J. van Dyk 28 Mei 1863; - R. 677/66 Brief van Albasini, 9 Julie 1866.
4. St. Court. Z.A.R. 20 Junie 1865, No. 102.
5. St. Court. Z.A.R. No. 104, 4 Julie 1865; U. R. B. 27 Junie 1865 Artl 3: R. 717/65.

- 151 -

Suid-Afrikaanse Republiek in 1865 gedompel was, het 'n seker Carel Schmidt kans gegee om 'n aantal jong kaffertjies op 'n onwettig wyse in die hande te kry. Hierdie onwettige handelwyse van Schmidt het 'n hele opskudding veroorsaak. Hy was 'n bekende tronkvoël in die Vrystaat, waar hy uit die gevangenis ontsnap het. In die Transvaal het hy onder die skuilnaam van Fischer gebly. In Soutpansberg distrik het hy hom veral op jag en smokkelhandel in gewere toegelê. En met die hulp van 'n seker F. Heindert, wat in 'n groot naby Schoemansdal gebly het, en sy jagkaffers het hy Kafferkinders in besit gekry. Daar is vertel, dat hy kaffers gewapen het, om klein kraale aan te val en so in besit van die kinders gekom het.

Op 4 Desember 1865 het die President van die saak verneem en 'n lasbrief uitgereik om Schmidt en Heindert gevange te neem.¹
² Beide is gevang. Schmidt is met Rds. 100 beboet. Hiermee was die Uitvoerende Raad nie te vrede nie omdat hulle gemeen het,
³ dat "Hij voor al zijne misdaden niet is gestraft."

Hierdie voorval het weer 'n gunstige geleentheid gebied om beskuldiginge teen die Boere, dat hulle slawerny in die Republiek toelaat voort te sit. Gideon Steyn het die saak onder die aandag van die Britse Hoë-Kommissaris in Suid-Afrika gebring en voorgestel of kafferkinders per publieke veiling op Potchefstroom verkoop is.⁴

Die Hoë-Kommissaris het onder die aandag van die President gebring, dat die handelwyse van Schmidt teenstrydig

-
1. Kidnapping and Enslaving of young South Africans by People of the Transvaal Republic (1869), bls. 1 - 7
 2. U.R.B. 6 Oktober 1866, Art. 7.
 3. Dieselfde.
 4. Kidnapping and Enslaving of Young Africans by People of the Transvaal Republic. G. Steyn was 'n deurtrapte skelm (C.4141, bls. 9) wat alles in sy vermoë gedoen het om die Republiek swart te smeer. Hy is vir laster aangekla maar het selfs uit die tronk klagtes teen die Republiek by Wodehouse ingedien (C.4141 bls. 3-7).

I

Met die bepalinge van die Sandrivier-Konvensie was. Die President het die saak aan die Hoë-Kommissaris verduidelik en aan hom die verskering gegee "that acts like these (wegvoer van Inboorlingkinders) will not be allowed to pass unpunished here."
²

Hierdie gebeurtenis het die Suid-Afrikaanse Republiek weer meer op hulle hoede laat wees. Om meer tevredenheid te gee aan die wat ontevrede was met die Inboekstelsel van die Suid-Afrikaanse Republiek, omdat "het volk der Z.A.Republiek zich stipt wenscht te houden aan de conventie van Zandrivier" en omdat "daar in de Republiek geen slavenhandel noch zelfs de schijn daarvan geduld worden" is in die eerste helfte van 1866 die inboekwette van die Republiek weer in hersiening geneem.
³ Daar is nou bepaal:

Die persone by wie naturelle weeskinders bly, sou in die toekoms as "voogde" beskou word. "Die Goewernement sou die "toeziente voog" wees en sou streng toesien, dat die ingeboektes nie oorgeboek word nie tensy die voog sterf: daarna sou die ingeboekte bly onder die toesig van die vrou van die voog or sy erfgename, of as daar nie erfgename was nie sou die Regering ' voog aanstel. Hierdie beplaining het in werklikheid nie verandering in die toestand van die ingeboektes aangebring nie. Die Boere het egter begin besef dat hulle versigtig moes wees hoe hulle sake omskrywe. 'n "Voog" sou na die belang van die kind omsien, terwyl 'n "besitter" meer na slawerny geklink het.

2. Vir Naturellen-weeskinderen, die gered moet word" sou ook voogde aangestel word.

-
1. Kidnapping and Enslaving of Young Africans by People of the Transvaal Republic, bls. 7. - Brief van Wodehouse, 8 Januarie 1866.
 2. Dieselfde, bls. 7.
 3. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885, bls. 229, 230.

3. "Alle ambtenaren en officieren worden ten strengste gelast ten nauwkeurigste de wet te handhaven, waarbij gelet en verboden wordt dat geen jagter, handelaar of eenig persoon, wie ook zien begevende onder Kafferstammen, eenig naturellenkind van daar mag brengen binne de Republiek,

Uitgesonderd weeskinders wat geres moes word. Hierdie bepaling was van so groot belang beskou, dat enige amptenaar of offisier wat nalatig was om hieraan te voldoen, beboet kon word met Rds. 2,000 of twee jaar gevangenisstraf. Die boete op oortreders van die bepalings is nou verhoog tot £500 of as hy dit nie kan betaal nie tot vyf jaar gevangenisstraf met harde arbeid.¹ Verder word beloning nou uitgeloof vir ontdekkers van slawehandel.

Hierdie proklamasie was weer 'n poging van die Suid-Afrikaanse Republiek om die oortreding van die bestaande wette van die Republiek in verband met die Inboekstelsel te voor-kom. Die vorige besluite van die Suid-Afrikaanse Republiek was net so ver herroep as wat dit teenstrydig met die proklamasie was. Ons kan net weer daarop wys dat die proklamasie nie melding maak van handel tussen ĂInboorlinge en Blankes met Inboorlingkinders nie. Artikel 3 van die proklamasie is egter so opgestel dat dit die handel feitelik uitsluit. Alleen inboorlingkinders wat "gered" moes word kon van die Kaffergebied weggevoer word. Waar amptenare Kafferkinders ingeboek het,² wat van Inboorlinge gehandel was, het hulle teenstrydig met die gees van die Volksraadbesluit gehandel.

Wodehouse het teen hierdie proklamasie nog beswaar gemaak, omdat (volgens sy mening) daarin nijs was, wat kon voorkom dat die kind gedurende die periode wat dit ingeboek was, verhandel sou word en dat handelaars en jagters die

1. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885 bls. 230.
2. Sien voorbeeld van G. T. Becking in Agar-Hamilton, History of Native Policy, bls. 221.

kon inboek as hulle maar net verklaar het, dat hulle wese was. Op hierdie besware het President Pretorius op 14 November 1866 geantwoord, deur die aandag van die Hoë Kommissaris daarop te vestig dat die Suid-Afrikaanse Republiek graag voorsiening wou maak vir die naturelle-weeskinders wat gevind was as gevolg van die baie Naturelle oorloë.

The Government considers it to be its duty to save such children and nothing can under such circumstances be done, except apprenticing them as orphans to persons duly approved by the Government. 2.

Verder het hy daarop gewys dat dit ten strengste verbied was dat kinders oor die grense vervoer sou word, en om sy bewering te staaf, het hy aan die Hoë Kommissaris 'n afskrif van die instruksies van 1858 aan Veldkornette gestuur.

3

Wodehouse het die saak nie daar laat rus nie, maar ook aan Lord Carnarvon op 12 Desember 1866 in verband met die saak geskryf. Interessant is die antwoord van Lord Carnarvon hierop. Hy vra vir 'n konfidiensiële verslag en verder: Whether you (Wodehouse) think that a suitable opportunity has occurred of giving notice to the President that Her Majesty's Government cannot regard the Convention of 1852 as any longer binding on them, and whether, if such notice should be given you would anticipate difficulties in giving effect to such a decision on the part of Her Majesty's Government or any unfavourable consequences. 4.

Waarom 'n konfidiensiële brief noodsaaklik was in verband met hierdie saak, word duidelik verklaar deur die feit dat in die Blouboek waarin die korespondensie gepubliseer is, besonders belangstelling vertoon word vir die uitbreiding van Britse grondgebied in Suid-Afrika.

Deur verskillende persone is belangstelling vertoon in die binnelande van Suid-Afrika. In "Cape Standard" van 4 Julie 1868 word die skoonheid en vrugbaarheid van die land

-
1. C. Kidnapping by People of Transvaal bls. 10, - Brief van Sir P. Wodehouse, 18 Oktober 1868.
 2. C. Kidnapping by People of Transvaal, bls. 10 - Brief van Pretorius, 14 November 1866.
 3. Dieselfde.
 4. C, Kidnapping by People of the Transvaal bls. 22. - Brief van Carnarvon, 9 Februarie 1867

aangeprys. Aan die ander kant verklaar die blad:

Never before has so full and ghastly a picture of the dark deeds that are being perpetuated over the Transvaal been publicly set forth. Despite the revolting nature of some of the revelations, we have not scrupled to publish them, deeming the interest of humanity and civilization, so closely concerned, in these matters, of higher weight than were sentimental consideration of delicacy. 1.

Dieselfde standpunt word aangeneem deur die "Somerset and Bedford Courant:"

One of the finest countries in the world is in the hands of a few thousands of ignorant, selfindulgent, brutal men, who are a disgrace to everything on earth but themselves, and on- 2 ly that exception is allowed because the opposite is impossible

Dit was in dieselfde tyd wat P. Huet met sy geskrif "Het Lot der Zwarten in Transvaal" lasterlike beskuldiginge teen die Boere gemaak het. So verstaan hy o.a.:
3

God weet, en ik zelve weet er iets van, wat onuitsprekelijk onrecht in deze wêreldstreken geschied is en nog geschiedt, wat gruwelike mishandelingen verdrukkingen, moorden.

Soos 'n Dr. van Der Kemp en Dr. Philip van Ouds het hy ook gesien hoe

op het allergeringste voorwendsel vreedzame, onschadelijke, niets kwaads vermoedende Kafferkrallen onverwachts verraderlijk zijn aangevallen door zulke commando's (troepen boeren met geweren en brandewijn gewapend) met geen ander doel, dan om de arme kinderen van vermoorde Kaffers als slaven te kunnen wegvoeren. 4.

Hy was ook een van die propagandistiese skrywers wat die Britse uitbreidingspolitiek voorgestaan het. Op die onvertroubaarheid van sy verklaringe het ons reeds gewys. Sy geskrif het
5
6

-
1. C. 4141, bls. 49.
 2. Dieselfde
 3. P. Huet: Het Lot der Zwarten in Transvaal, bls. 30.
 4. Dieselfde, bls. 31.
 5. Op bls. 13 van sy skrif verklaar hy, dat hy met die uitgawe die Britse Regering wou beweeg om die Suid-Afrikaanse Republiek te anneksieer.
 6. Sien ook Prof. S.P. Engelbrecht: Geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk in Afrika, bls. 179. Dr. Engelbrecht verhaal van synode 'n reis na Lydenburg gemaaken het toe na Zoutpansberg gegaan. Ongelukkig was Ds. Huet temperamenteel van so 'n aard dat hy nie veel van die toestande in Transvaal verstaan het nie, soos duidelik uitkom in sy berugte boekie. Het tot der Zwarten in Transvaal.

- 156 -

ook verskyn op 'n tydstip toe Britse imperialiste gretig uitgesien het na hierdie soort van verklaringe om hulle anneksasie-beleid te bevorder. Anneksasie moes voorberei word deur filantropiese propaganda. Dieselfde beleid word openbaar in die Britse Blouboek van 1868: Correspondence relating to the alleged kidnapping and enslaving of young Africans by the people of the Transvaal Republic. Hierin word aan die een kant beskuldiginge teen die Suid-Afrikaanse Republiek in verband met slawerny bekend gemaak en aan die ander kant sterk imperialistiese neigings openbaar.

As dit bewys kon word, dat die Suid-Afrikaanse Republiek slawerny toegelaat het, sou dit die Britse Regering regverdig on die "eensydige" Sandrivier-Konvensie te verbreek, wat hulle gebind het "to supply gunpowder and other ammunition to the Republic and to withhold it from the natives."¹ Dit is opvallend dat slawerny, vuurwapens en anneksasie van die Suid-Afrikaanse Republiek altyd deur Britse imperialiste saam bespreek word.

Die filantrope het die ontwaking van dienuwe-imperialisme ook begin voel en so veel moed geskep dat hulle ou koeie uit die sloot gegrawe het. Die "Aborigines Protection Society" het nou weer beweer, dat mense gereeld gekoop en verkoop word in die Suid-Afrikaanse Republiek. Hulle beskuldiginge het hulle gegrond op die gerug van Livingstone in 1852 toe hy versprei het, dat met die Setsjelie-ekspedisie 200 kaffer-kinders gevang is en as slawe gebruik is, en die ondervinding van Martin, 'n handelaar, wat in 1864 deur die Suid-Afrikaanse Republiek gereis het.²

-
1. Kidnapping by People of the Transvaal Republic, bls. 22 - Brief van Carnarvon, 9 Februarie 1867.
 2. Dieselfde, bls. 39 - Brief van die Sekretaris van die Vereniging.

Martin was op weg van Soutpansberg met twee waens. By die waens was ses Kaffers, wat by Pretoria gevang is, omdat hulle nie van passe voorsien was nie. Soos Martin vertel was hy 'n dag na hy Pretoria verlaat het al by Vaalrivier, d.w.s. 150 myl van Pretoria. Hier het hy uitgevind, dat een van die Kaffers wat te Pretoria gevang was, in diens van 'n Boer was. Hy verhaal verder.

he (die Boer) sent the poor wretch, on a Sunday, without allowing him anything to eat, a long journey ahead and took away his kaross, or covering, althought it was very wet.

Terwyl die Kaffer weg was, het Martin en die Boer die rivier met 'n skuit oorgegaan. Toe die Kaffer terug kom, het hy hulle verseker, dat hy kon swem, maar toe hy probeer om deur te swem het hy, n ieteenstaande die poging wat aangewend was om hom te red, verdrink.

"I content", verhaal Martin verder " that this native lost his life by having been taken out of my protection, and I suppose the other five are still in bondage." 1.

Hierdie voorval het nie alleen die "Aborigines Society" oortuig, dat slawerny in die Suid-Afrikaanse Republiek geduld was nie, maar is ook deur die Wetgewende Raad van Natal in Augustus 1868 gebruik om aan te toon, dat die Suid-Afrikaanse Republiek hom nie meer aan die bepalinge van die Sandrivier-Konvensie gehou het nie. Gevolglik het die Raad op Britse inmenging aangedring.
2

Daar was ook ander faktore op die spel, wat seker van groter belang was as die vermoede slawehandel. Op 3 Julie 1868 gee Wodehouse aan die Britse Regering kennis, dat daar goud in die omstreke van die Suid-Afrikaanse Republiek ontdek was en op 18 Julie laat hy weet, dat daar gerugte versprei is,
3 dat die goudvelde baie ryk is. Die imperialiste het 'n

-
1. Kidnapping by People of the Transvaal Republic, bls. 39
Brief van Martin, 7 Junie 1867.
 2. Dieselfde, bls. 41.
 3. Dieselfde, bls. 15.

vrugbare gebied vir uitbreiding gekry en die slawerny wat die Suid-Afrikaanse Republiek sou toelaat, as geskikte aanknopings-punt beskou.¹ Pretorius se proklamasie waardeur die grense van die Suid-Afrikaanse Republiek in 1868 vasgestel is, is ook met groot verontwaardiging ontvang, want nou was die gebied waar slawerny onbelemmerd sou ontwikkeld uitgebrei "across the whole breadth of the Continent to the Atlantic Ocean."²

Die wanvoorstelling van sake is deur Europa versprei en geglo. Op 5 Desember 1867 protesteer die Internasionale Konferensie te Parys, wat verteenwoordigers van Anti-Slawerny Verenigings van Frankryk, Engeland, die Verenigde State en Holland vergader het, teen die stelsel van inboeking in die Suid-Afrikaanse Republiek

daar de ongelukkigen die er de slagoffers van zijn geweldadig-lijk worden gevangen en uit hun land opgeligt door de Commandos dat de Boeren, burgers van die Republiek, onder verschillende voorwendsels handelende, vaders en moeders vermoorden om de kinderen tot slaven te maken.³

Hierdie protes was 'n gevolg van die werk van die British and Foreign Slavery Society", wat nog altyd geglo het, dat die Inboekstelsel van die Suid-Afrikaanse Republiek niks anders was as 'n vorm van slawerny "which outrages the first principles of religion, justice and humanity."⁴

As gevolg van die beschuldigings wat teen die Suid-Afrikaanse Republiek genaak is, het die Uitvoerende Raad die wenslikheid uitgespreek om 'n kommissie na Europa af te vaardig om die verspreiding van dergelike beschuldiginge teen die Republiek teen te werk, om deur persoonlike onderhoud die waarheid be-

-
1. Sien Dr. W. Vallentin: Geschichte der Sud Afrikanische Republic (1901), bls. 105.
 2. Kidnapping by People of Transvaal bls. 21. - Brief van Wodehouse, 11 November 1868.
 3. R. 1237/67 - Brief van President van Konferensie.
 4. R. 1487/68 - Brief van Voorsitter en Sekretaris van die vereniging, 3 Januarie 1869.

kend te maak en die goeie naam van die Republiek te herstel.
Die Finansiële toestand van die Republiek het die uitgawes verbonde aan so 'n onderneming nie reverdig nie. Daar is nie verder op die besluit gehandel nie.

Die kwessie van die slawerny in die Suid-Afrikaanse Republiek is in onsimpatieke tydskrifte en deur persone wat nie graag die onafhanklike Republiek verder wou sien bestaan nie,
2 onder bespreking gehou. En in 1874 het Barkly die verval van
3 die Sandrivier-Traktaat voorspel. Hierop het President Burgers besluit om die kwessie van slawerny deeglik te ondersoek. Aan verskillende persone wat met die toestande bekend was het hy
4 die volgende sirkulêre gestuur:

1. Van welke nationaliteit zijt gij, wat is uwe betrekking, hoe lang zijt reeds in dezen Staat woonachtig en hoelang ermede van nabij bekend?
2. Weet gij zeker van eenig geval van Slavenhandel of slavernij door het Gouvernement dezer Republiek toegelaten en erkend, sedert de erkenning van hare onafhanklikheid door Harer Majesteits Gouvernement in 1852.
3. Is u eenig geval bekend van personen die thans in slavernij worden gehouden?
4. Zijn u gevallen bekend van Slavenhandel, door private personen met medeweten der Regering sedert de oprigting dezer Republiek in dezelen gedreven? Zoo ja, door wie?

Die antwoorde op hierdie sirkulêre was baie verskillend. Sommige persone soos die Sendeling Nachtigal het nog die Schmidt episode sterk in die geheue gehad, en enkele gevalle waar die inboekwette van die Suid-Afrikaanse Republiek oortree is hulle
5 oordeel laat vertroubel. Nachtigal het tot die besluit gekom, dat die Suid-Afrikaanse Republiek deur die inboekwette slawe-handel toegelaat het. Hierteenoor staan die

1. U.R. III, U.R.B. 9 Junie 1869, Art. 28.
2. R. 1463/71 - Wrn. President Erasmus aan Barkly 22 Desember 1871: De Volkstem 15 Augustus 1874, St. Court. Z.A.R. 7 April, 1877.
3. R. 35/75.
4. R. 170/75.
5. Dieselfde.

getuienis van persone soos G. Sharley, H. Grützner, J.R. Lys,
D. Hartley, Ds. J.G. Kriel e.a. wat ou inwoners van die Republiek was, of baie daarin gereis het of met omstandighede
¹ goed bekend was. Hierdie persone stem saam dat daar geen slawe in die Republiek was nie en dat persone nie toegelaat
² was om inboekte Inboorlinge sleg te behandel nie.

H. Grützner wat in 1860 Superintendent van Die Berlynse ³ Sendinggenootskap in Transvaal was, antwoord op die sirkulêre:
Het zal er veel op aankomen wat Sir Barkly en in vervolg daarvan U Hoog Edelen onder de uitdrukking "Slavenhandel" bevat. Wordt daarmede bedoelt dat door het Gouvernement van ons land toegelaten en beschermd of wel nog licenties uitgegeven worden om Naturellen te koopen of te verkoopen, zoo kan ik de vraag met "neen" beantwoorden. Zulk een slavenhandel heeft er nooit bestaan.

Sharley is in Engeland gebore en soos hy self verklaar 'n "loyal subject of Her Majesty Queen Victoria." Hy was Rektor van die "Church of England" in Pretoria en agerende hoof van die Sending van die Kerk. Hy het verklaar, dat hy goed bekend gerack het met Suid- Suid-Oos- en Sentraal-Transvaal. Hy het Sendingstasies van die Berlynse, die Hermansburgse en Engelse Sendelinge besoek, en meer dan 2,000 myl in die Republiek afgelê. Hy verklaar in sy antwoord op die ⁴ Sirkulêre:

I have left the main post roads and have travelled through districts remote from the centres of Government, where if anywhere slavery might be expected to exist, for example, in the northern districts of Utrecht, Wakkerstroom and New Scotland and Lydenburg, along the edges of Zululand and Amaswaziland. In addition I have had long conversations in Pretoria with past and present Government officials, and with residents and traders of the aboriginal tribes and the best mode of elevating them to what may be recognized as a state of at least com-

-
1. R. 3032/75, R. 346/75, R. 3024/76, R. 489/75, R. 1393/75 Antwoorde op die Sirkulêre.
 2. R. 3024/76 - J.R. Lys aan President 12 Februarie 1875.
 3. R. 436/75
 4. R. 346/75.

- 161 -

parative civilization.

Secondly, I do not know, nor have I heard with certainty of any case of slave trade or slavery tolerated and acknowledged by the Government of the South African Republic since the recognition of its independence by the Government of Her British Majesty in 1852

Thirdly I am not "aware of any case of persons now being kept in slavery". As in England a parent or guardian is permitted by the law of the land to apprentice his son or ward during the time of his infancy or minority for periods varying from 2 to seven years, such apprenticeship being invalid, illegal or voidable only on grounds or for reasons recognized as illegal by the law courts; and as in the Cape Colony and Natal servants, whether white or coloured whether born in South Africa or imported from the East Indies or other Foreign parts, may be contracted" under certain conditions recognized as fair and acquitable by the laws of the Colony, for periods varying from a few months to four or five years; so in the South African Republic coloured children with the consent of the father or in the case of orphans with the consent of, I believe, the Landdrost may be contracted for periods varying from three months to several years but in no case expending beyond the time when the contracted party attain the age of 21 years.

Ons kan aanneem dat daar enkele gevalle van ongereeldhede met die inboeking van die Inboorlingkinders plaas gevind het.

Dit kan ons in 'n onontwillekde gemeenskap verwag. Aan die ander kant is oortreders gestraf waar dit onder die aandag van die Regering gebring was.¹ Offisieël het die Regering van die Republiek nooit die handel in Inboorlinge of hulle kinders toegelaat of geduld nie, maar intendeel dit streng verbied.

1. U.R.B. 27 September 1866, Art. 3.